

Saterdag 30 Junie

Skrifgedeelte: Nehemia 13:15-22

Fokusgedeelte: Nehemia 13:22b

# God gebruik ons as swakke mense in sy diens

Die gevaar van geestelike agteruitgang en godsdienstige verval is groter wanneer dit met die mens goed gaan. Dit gebeur ook nie eensklaps nie. So stadigaan, byna ongemerk begin jy wegdryf van die Here en sy kerk.

Dit blyk dat dit juis die groot probleem met die geestelike verval van Juda was. Voor die inwyding van die muur het hulle gevra om na die wetboek van Moses te luister en hulle het sommer 'n paar uur op 'n slag daarna geluister (8:4). Maar dit het geleidelik verander. Hulle het al hoe minder geluister. Die Woord van die Here se impak het al hoe minder ge-word. Hulle het die sabbat begin ontheilig. Oral in Jerusalem was daar mense wat op die sabbat gewerk en handel gedryf het. Mense het die wynpers op die sabbat getrap. Hulle het landbouprodukte vervoer. Hulle het kos verkoop. Ook die buitelanders in Jerusalem het hulle ware, soos vis, op die sabbat verkoop.

Vir Nehemia was God se eer op die spel. Deur die volk se ongehoorsaamheid het hulle God se eer geskend. Hulle optrede lyk nie anders as die heidene se optrede nie. Sy gebed is: "Onthou tog ook dit, my God, ontferm U oor my in u groot liefde!" Hy sluit homself in by die volk se oortredings en doen 'n beroep op God se genade en liefde. Hy bid nie net nie, hy werk ook en stel maatreëls in.

God het Hom in Christus oor ons as swakke mense ontferm en ons tot diens geroep. Ons moet biddend en in gehoorsaamheid aan God en sy Woord ons werk doen. Hy gee ons die krag om tot sy eer te werk.

*Sing: Psalm 18-1:13*

*Ds. AL (Abri) Pelsers (Bethlehem)*